

**EENVORMIGE PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE EN –REGULASIES VAN TOEPASSING  
OP DIE MUNISIPALITEIT PIETERSBURG**

**UNIFORM PUBLIC HEALTH BY-LAWS AND REGULATIONS APPLICABLE TO THE MUNICIPALITY  
OF PIETERSBURG**

**Administrateurskennisgewing 148  
21 Februarie 1951**

*Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge die bepalings van artikel nege-en-negentig van die ordonnansie op plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge wat in die aangehegte Bylae uiteengesit is, goed te keur.*

**BYLAE**

*Eenvormige publieke gesondheidsverordeninge en –regulasies van toepassing op die munisipaliteite van Amersfoort, Amsterdam, Balfour, Baberton, Bedfordview, Belfast, Bloemhof, Boksburg, Breyten, Brits, Bronkhorstspuit, Carolina, Christiana, Coligny, Delaryeville, Delmas, Duivelsklof, Ddullstroom, Edenvale, Germiston, Greylingstad, Hendrina, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Lydenburg, Machadadorp, Morgenzon, Naboomspruit, Nelspruit, Nylstroom, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrust, Pretoria-Noord, Rensburg, Rodeon, Rustenburg, Sabie, Schweizer Reneke, Silverton, Standerton, Tzaneen, Ventersorp, Venterspost, Volksrust, Wakkerstroom, Warmbad, Witrivier, en Wolmaransstad: Die gesondheidskomitees van Amalia, Biesiesvlei, Charl Cilliers, Chrissiemeer, Davel, Devon, Eendracht, Evaton, Forchville, Graskop, Groblersdal, Groot Marico, Hartebeesfontein, Kinross, Klipfontein, Leeuwdoornsstad, Leslie, Lytelton, Maquassi, Marble Hall, Messina, Meyerton, Orkney, Ottosdal, Paardekop, Pelgrimsrust, Roosville, Thabazimbi, Trichard, Waterval Boven, Witpoort en Zoekmekaar en die Gesondheidsraad van Buitestedelike Gebiede.*

**INHOUDSOPGAWE**

*Hierdie verordeninge is ingedeel in Gedeeltes, Hoofstukke en Bylaes en dek die volgende onderwerpe:-*

**DEEL I – ALGEMEEN**

**Administrator's Notice 148  
21 Februarie 1951**

The Administrator has been pleased, under the provisions of section ninety-nine of the Local government Ordinance, 1939, to approve the by-laws set forth in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

Uniform public health by-laws and regulations to the municipalities of Amersfoort, Amsterdam, Balfour, Baberton, Bedfordview, Belfast, Bloemhof, Boksburg, Breyten, Brits, Bronkhorstspuit, Carolina, Christiana, Coligny, Delaryeville, Delmas, Duivelsklof, Ddullstroom, Edenvale, Germiston, Greylingstad, Hendrina, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Lydenburg, Machadadorp, Morgenzon, Naboomspruit, Nelspruit, Nylstroom, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrust, Pretoria-Noord, Rensburg, Rodeon, Rustenburg, Sabie, Schweizer Reneke, Silverton, Standerton, Tzaneen, Ventersorp, Venterspost, Volksrust, Wakkerstroom, Warmbad, Witrivier, en Wolmaransstad: The Health Committees of Amalia, Biesiesvlei, Charl Cilliers, Chrissiemeer, Davel, Devon, Eendracht, Evaton, Forchville, Graskop, Groblersdal, Groot Marico, Hartebeesfontein, Kinross, Klipfontein, Leeuwdoornsstad, Leslie, Lytelton, Maquassi, Marble Hall, Messina, Meyerton, Orkney, Ottosdal, Paardekop, Pelgrimsrust, Roosville, Thabazimbi, Trichard, Waterval Boven, Witpoort and Zoekmekaar and the Peri-urban Areas Health Board.

**INDEX**

These by-laws are divided into Parts, Chapters and Schedules, and cover the following subjects:-

**PART I - GENERAL**

Hoofstuk	Onderwerp	Artikel	Chapter	Subject	Section
1	Woordverklaring	1 - 2	1.	Interpretation of terms	1 – 2
2.	Algemeen	5 - 10	2.	General	5 – 10

**DEEL IV - VOLKSGESONDHEID**

**PART IV – PUBLIC HEALTH**

Hoofstuk	Onderwerp	Artikel	Chapter	Subject	Section
1	Algemene sanitasie	1 - 55	1	General sanitation	1 – 55
2	Aanhou van diere	65 - 86	2	Keeping of animals	65 – 86
3	Aanstootlike bedrywe	92 - 100	3	Offensive trades	92 - 100
4	Visbraaiers en Vishandelaars	106 - 111	4	Fish-fryers and fishmongers	106 – 111
5	Vervaardiging van Vlok uit Vodde	117 - 122	5	Manufacture of Rag Flock	117 – 122
6	Swembaddens	128 - 131	6	Swimming baths	128 - 131
7	Verpleeginrigtings	138 - 149	7	Nursing homes	138 - 149
8	Opberging en verkoop van Voedingsmiddels	155 - 162	8	Storage and sale of foods	155 - 162
9	Bakkerie	168 - 178	9	Bakeries	168 – 178
10	Verversingwinkels	184 - 190	10	Refreshment Shops	184 – 190
11	Hotelle, Losies- en Huur-kamers	196 - 202	11	Hotels, Boarding and Lodging Houses	196 - 202
12	Vleis	208 - 223	12	Meat	208 - 223
13	Wasserye en Wasgoed	229 - 238	13	Laundries and washing	229 – 238
14	Naturelle-teekamers en Naturelle-restaurants	224 - 255	14	Native Tearooms and Native Restaurants	244 - 255
15	Asiatiese Teekamers en Restaurante	261 - 272	15	Asiatic Tearooms and Restaurants	261 – 272
16	Mineraalwater- en Ysfabrieke	278 - 287	16	Mineral Water and Ice Factories	278 – 287
17	Barbiere en Kappers	293 - 299	17	Barbers and Hairdressers	293 – 299
18	Roomys en soortgelyke Handelsartikels	305 - 309	18	Ice-cream and similar Commodities	305 – 309
19	Tweedehandse goedere	315 - 319	19	Second-hand goods	315 – 319
20	Beroking	325 - 344	20	Fumigation	325 – 344

*Bylae A – Herroeping van Verordeninge*

Schedule A – Revocation of By-laws

**DEEL I**

**PART I**

**ALGEMEEN**

**GENERAL**

**HOOFSTUK 1**

**CHAPTER 1**

1.	<i>Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken -</i>	1.	For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise -
----	--	----	--

*“Wet”, die Licenties Konsolidatie Wet, 1925”, of wysigings daarvan;*

*“toereikende aantal”, wanneer dit gebesig word in verband met die verskaffing van waskomme op ‘n perseel vir die gebruik van werknemers aldaar, minstens in die verhouding van een Waskom tot iedere vyftien (15) of gedeelte van vyftien (15 blanke of nie-blanke persone van elke geslag, wat op die perseel werksaam is;*

*“bewerker van ‘n oorlas”, die persoon deur wie se handeling of versuim of toelating die oorlas veroorsaak word, of bestaan, of voortduur;*

*“besigheid”, ook bedryf en beroep;*

*“draer” iedereen van wie, hoewel hy nie op die oomblik die kliniese verskynsels van ‘n besmetlike of aansteeklike siekte vertoon nie, daar nogtans bewys is of van wie daar ná laboratoriumtoetse of ander ondersoek redelike grond bestaan om te vermoed dat hy die besmetting van ‘n besmetlike of aansteeklike siekte onder lede het en dientengevolge die verspreiding van so ‘n siekte kan veroorsaak;*

*“sertifikaat”, ‘n sertifikaat soos omskryf by artikel twee van die Ordonnansie;*

*“hoof-gesondheidsinspekteur”, ook enige persoon wat vir die oomblik in so ‘n hoedanigheid optree in die loop van sy werksaamhede by die Raad;*

*“Komitee”, die betrokke Raadskomitee aan wie die toepassing van hierdie verordeninge opgedra is;*

*“Raad”, die betrokke plaaslike bestuur van die betrokke munisipaliteit en omvat, vir die toepassing van hierdie verordeninge, ‘n Gesondheidskomitee en die Gesondheidsraad*

“Act” shall mean the Licences Consolidation Act, 1925, or any amendment thereof;

“adequate number” shall mean when used in relation to the provision of wash-basins on any premises for the use of employees thereon not less than in the proportion of at least one wash-basin to each of fifteen (15 or part of fifteen (15 European or non-European persons of each sex working on the premises;

“author of a nuisance” shall mean the person by whose act or default or sufferance the nuisance is caused, exists or is continued;

“business” shall include trade and occupation;

“carrier” shall mean any person who, though not at the time presenting the clinical symptoms of an infectious or contagious disease, has been proved or is believed on reasonable grounds and after laboratory or other investigations to be harbouring the infection of any infectious or contagious disease and consequently liable to cause the spread of such disease;

“certificate” shall mean a certificate as defined by section two of the Ordinance;

“chief health inspector” shall include any person for the time being acting in such capacity in the course of his duties with the Council;

“Committee” shall mean the relevant Committee of the Council under whom the administration of these by-laws falls;

“Council” shall mean the relative local authority of the municipality concerned and shall, for the purpose of these by-laws, include a Health committee and the Peri-Urban Areas Health Board;

*vir Buite-stedelike Gebiede;*

*“woonhuis”, ‘n huis, vertrek, skuur, hut, grot, tent, voertuig, vaartuig, boot of ander bouwerk of plek, wat ook al, waarvan enige gedeelte gebruik word of oënskynlik vir gebruik bedoel is deur enige mens as slaapplek of waarin enige mens woon of slaap;*

*“ingenieur”, die stadsingenieur en omvat enigeen wat in so ‘n hoedanigheid optree in die loop van sy werksaamhede by die Raad;*

*“inspekteur”, met betrekking tot enige besondere gedeelte of hoofstuk van hierdie verordeninge, iedereen wat ‘n inspekteurs-betrekking beklee of wettiglik as sodanig optree in enige departement aan wie die toepassing van die verordeninge vervat in sodanige gedeelte of hoofstuk, opgedra is;*

*“gesondheidsinspekteur”, ‘n sanitêre of gesondheidsinspekteur soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, of wysiging daarvan;*

*“lisensie”, ‘n lisensie deur die Raad uitgereik kragtens hierdie verordeninge en omvat die hernuwing van ‘n lisensie;*

*“geneeskundige gesondheids-beampte”, die persoon wat vir die oomblik wettiglik optree in die hoedanigheid van òf plaas-vervangende geneeskundige gesondheidsbeampte, òf assistent-geneeskundige gesondheids-beampte;*

*“munisipaliteit”, die gebied of distrik wat onder die beheer en jurisdiksie van die Raad geplaas is;*

*“okkupeerder”, ook iedereen wat werklik grond of ‘n perseel okkupeer, afgesien van die reg waarvolgens hy dit okkupeer en, in gevalle waar die perseel onderverdeel is en verhuur is aan inwonendes of aan verskillende*

“dwelling” shall mean any house, room, shed, hut, cave, tent, vehicle, vessel, boat or any other structure or place whatsoever, any portion whereof is used or appears intended for use by any human being for sleeping or in which any human being dwells or sleeps;

“engineer” shall mean the town or city engineer as the case may be and shall include any person acting in such capacity in the course of his duties with the council;

“inspector” shall mean the town or city engineer as the case may be and shall include any person acting in such capacity in the course of his duties with the council;

“health inspector” shall mean a sanitary or health inspector as defined by the Local government Ordinance, No. 17 of 1939, or any amendment thereof;

“Licence” shall mean a licence issued by the Council under these by-laws and shall include the renewal of a licence;

“medical officer of health” shall mean the person for the time being lawfully acting in the capacity either of medical officer of health or deputy medical officer of health, or of assistant medical officer of health;

“municipality” shall mean the area or district placed under the control and jurisdiction of the Council;

“occupier” shall include any person in actual occupation of land or premises without regard to the title under which he occupies, and, in the case of premises subdivided and let to lodgers or various tenants, shall include the person

*huurders, ook die persoon wat die huur, deur die inwonendes of huurders betaalbaar, ontvang, hetsy vir eie rekening of as agent vir iemand wat daartoe geregtig is of wat daarby belang het;*

*“Ordonnansie”, die Lisensie (Kontrole) Ordonnansie, 1931, of wysigings daarvan;*

*“buitegebied”, grond of belang in grond wat gehou word deur ‘n raad vir munisipale doeleindes buite die munisipaliteit en wat nie deel uitmaak van ‘n ander munisipaliteit nie;*

*“eienaar” ook iedereen wat die huur of winste van grond of perseel van ‘n huurder of okkupeerder daarvan ontvang, of wat sodanige huur of winste sou ontvang as sodanige grond of perseel verhuur was, hetsy vir eie rekening of as agent van iemand wat daartoe geregtig is of wat daarby belang het;*

*Die woorde “eienaar”, “okkupeerder” of “persoon”, in die geval van ‘n firma of vennootskap, alle lede of een of meer van die lede van so ‘n firma of vennootskap en, in die geval van ‘n publieke maatskappy of van ‘n liggaam van persone wat nie ‘n firma of vennootskap is in die gewone betekenis van hierdie uitdrukking nie, die sekretaris of bestuurder van so ‘n maatskappy of liggaam of, as daar geen sekretaris of bestuurder is nie, dan ‘n lid van die direksie of beherende liggaam of komitee van so ‘n maatskappy of liggaam;*

*“permit”, ‘n permit deur die Raad toegestaan kragtens die bepalings van die hoofstuk waarin die woord voorkom;*

*“perseel”, ook enige grond, gebou, kamer, bouwerk, tent, goederewa, voertuig, stroom, meer, dam, poel, lagune, afvoersloot, voor (oop, oordek of omhein), hetsy daarop gebou is al dan nie, en hetsy dit publiek of privaat is;*

receiving the rent payable by the lodgers or tenants whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein;

“Ordinance” shall mean the Licences (Control) Ordinance, 1931, or any amendment thereof;

“outside area” shall mean any land or interest in land held by a council for municipal purposes outside the municipality and not forming part of any other municipality;

“owner” shall include any person receiving the rent or profits of any land or premises from any tenant or occupier thereof, or who would receive such rents or profits if such land or premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein;

The words “owner”, “Occupier” or “person” shall mean, in the case of a firm or partnership, all or any one or more of the members of such firm or partnership, and in the case of any public company or any body of persons not being a firm or partnership in the ordinary meaning of the terms, the secretary or manager of such company or body, or, where there is no secretary or manager, any member of the board of directors or managing body or committee of such company or body;

“permit” shall mean a permit granted by the Council in terms of the provisions of that chapter wherein the word appears;

“premises” shall include any land, building, room, structure, tent, van, vehicle, stream, lake, dam, pool, lagoon, drain, ditch (open, covered or enclosed), whether built on or not and whether public or private;

*“ontspanningsterein”, ‘n terrein wat gebruik word vir atletiese sport, voetbal, krieket of enige ander spel, of vir enige sort ontspanning wat ook al;*

*“hernuwing”, beteken die uitreiking aan ‘n lisensiehouer van ‘n lisensie in gelykluidende bewoording vir die eersvolgende lisensieperiode;*

*“skool”, ‘n perseel wat gebruik word as ‘n publieke of private skool, kosskool of son-dagskool;*

*“superintendent”, die persoon wat vir die oomblik toesig hou oor die Opruimings- of Openbare Skoonmaak-afdeling van die Raad;*

*“hierdie verordeninge”, ook alle verordeninge van die Raad;*

*“stadsklerk”, die persoon deur die Raad aangestel om die pligte van ‘n stadsklerk uit te oefen asook ‘n persoon wat vir die oomblik in so ‘n hoedanigheid optree in die loop van sy werksaamhede by die Raad en omvat, vir die toepassing van hierdie verordeninge, die sekretaris van ‘n Gesondheidskomitee en die sekretaris van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede;*

*“tesourier” die stadstesorier, asook ‘n persoon wat vir die oomblik in so ‘n hoedanigheid optree in die loop van sy werksaamhede by die Raad.*

#### *Insluiting van verdere woordskrywings*

2. *Die onderskeie woordskrywings wat in die verskillende hoofstukke van hierdie verordeninge vervat is, word beskou as almal opgeneem in artikel 1 van hierdie hoofstuk tensy die sinsverband anders aandui.*

## **HOOFSTUK 2**

### **ALGEMEEN**

#### *Bekragtiging van dokumente*

5. *Enige bevel, kennisgewing of ander dokument wat ingevolge*

“recreation ground” shall mean the any ground used for the purpose of athletic sports, football, cricket or any other game, or of any kind of recreation whatsoever;

“renewal” shall mean the issue to a licence-holder of a licence in identical terms for the next succeeding licence period;

“School” shall mean any premises used as a public or private school, boarding school or Sunday school;

“superintendent” shall mean the person for the time being in charge of the Scavenging or Public Cleansing Branch of the Council’

“these by-laws” shall include all the by-laws of the Council;

“town clerk” shall mean the person appointed by the Council to perform the duties of a town clerk and shall include any person for the time being acting in such capacity in the course of his duties with the council and shall, for the purpose of these by-laws, include the secretary of a Health Committee and the secretary of the Peri-Urban Areas Health Board;

“treasurer” shall mean the town of city treasurer as the case may be and shall include any person for the time being acting in such capacity in the course of his duties with the Council.

#### Inclusion of further definitions

2. The several definitions contained in the various chapters of these by-laws shall be deemed to be incorporated in section 1 of this chapter unless the context otherwise indicates.

## **CHAPTER 2**

### **GENERAL**

#### Authentication of Documents

5. Any order, notice or other document under any of these by-

*hierdie verordeninge deur die Raad bekragtig moet word, is voldoende bekragtig as hulle onderteken is deur die Stadsklerk of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger of deur die hoof van die departement van die Raad aan wie se departement die toepassing van sodanige verordeninge opgedra is, of deur sy behoorlike gemagtigde plaasvervanger of assistent.*

*Diening van kennisgewings, ens.*

6.(a) *Enige bevel, kennisgewing of ander dokument wat kragtens hierdie verordeninge gedien moet word, of as magtiging verleen is om dit te dien, kan gedien word deur die aflewering van 'n afskrif daarvan op die een of ander manier hieronder vermeld, t.w.-*

(i) *op voornoemde persoon self, of op sy behoorlik gemagtigde agent; of*

(ii) *as diening nie kan geskied kragtens die voorafgaande paragraaf nie, dan by sy woning of besigheidsplek of werkplek op die een of ander persoon wat blykbaar minstens sestien jaar oud is en wat blykbaar aldaar woonagtig of in diens is; of*

(iii) *as daar op die perseel geen sodanige persoon is soos in die voorafgaande paragraaf vermeld nie, dan deur die versending van sodanige bevel, kennisgewing of ander dokument per gefrankeerde geregistreerde pos in 'n koevert met sy laas bekende woon- of besigheidsadres daarop, wat sy laas bekende verblyfplek, besigheids- of werkplek of posbusnommer kan wees; of*

(iv) *as so 'n persoon op wie diening moet geskied, 'n domicilium citandi gekies het, dan by die aldus gekose domicilium.*

(b) *Waar enige diening geskied ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf (iii) van subartikel (a) hiervan, word geag dat sodanige diening, totdat die teendeel bewys word, geskied het op die tydstip*

laws requiring authentication by the Council shall be sufficiently authenticated if signed by the town clerk or his duly authorised deputy or the head of the department of the Council under whose department falls the administration of such by-laws or his duly authorised deputy or assistant.

Service of Notices, etc

6.(a) Any order, notice or other document required or authorised to be served under these by-laws may be served by delivery of a copy thereof in one or other of the following manner :-

(i) to the said person personally, or to his duly authorised agent; or

(ii) if service cannot be effected in terms of the preceding paragraph, at his residence or place of business or employment to some person apparently not less than sixteen years of age and apparently residing at or employed there; or

(iii) if there is no such person on the premises as is mentioned in the preceding paragraph, then by dispatching such order, notice or other document by prepaid registered post in an envelope on which is written his last-known residential or business address which may be his last-known abode, place of business or employment or post office box number; or

(iv) if such person to be served has chosen a domicilium citandi, at the domicile so chosen.

(b) Where any service is effected in accordance with the provisions of paragraph (iii) of sub-section (a) hereof, such service shall until the contrary be proved be deemed to have been effected at the time

wanneer die brief met so 'n bevel, kennisgewing of ander dokument in die gewone loop van die pos afgelewer sou gewees het, en ten einde sodanige diening te bewys, is dit voldoende om te bewys dat die bevel, kennisgewing of ander dokument behoorlik geadresseer en geregistreer was.

- (c) Enige bevel, kennisgewing of ander dokument wat kragtens hierdie verordeninge afgelewer moet word aan die eienaar of okkupeerder van enige bepaalde perseel, kan geadresseer word aan die "eienaar" of "okkupeerder" van sodanige perseel ten opsigte waarvan die bevel, kennisgewing of ander dokument afgelewer word, sonder verdere naam of beskrywing.

Versuim om te voldoen aan verordeninge of aan enige kennisgewing ingevolge daarvan uitgereik

7. Iedereen wat enige bepalings van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, en iedereen wat in gebreke bly om te voldoen aan die voorwaardes van enige kennisgewing wat kragtens hierdie verordeninge deur die Raad op hom gedien word, is skuldig aan 'n misdryf.

Strawwe vir oortredings van verodeninge

8. Iedereen wat skuldig verklaar word aan 'n misdryf teen of 'n oortreding van hierdie verordeninge, is strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens ses maande en, in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n boete van hoogstens £2 per dag vir elke dag wat die misdryf voortduur.

Verhaling van koste

9. Die Raad kan enige koste verhaal wat deur hom aangegaan is ten gevolge van 'n oortreding van enige verordenig of in die

when the letter containing such order, notice or other document would have been delivered in the ordinary course of post, and, in proving such service, it shall be sufficient to prove that the order, notice or other document was properly addressed and registered.

- (c) Any order, notice or other document by these by-laws required to be given to the owner or occupier of any particular premises may be addressed to the "owner" or "occupier" of such premises, in respect of which the order, notice or other document is given, without further name or description.

Failure to Comply with by-laws or any Notice Issued thereunder

7. Any person contravening or failing to comply with any of the provisions of these by-laws and any person failing to comply with the terms of any notice served upon him by the Council in terms of these by-laws shall be guilty of an offence.

Penalties for Breaches of By-laws

8. Any person convicted of an offence against or a contravention of these by-laws, shall be liable to a fine not exceeding £50, or in default of payment thereof to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding £2 per day for each day during which the offence continues.

Recovery of Expenses

9. The Council may recover any expense incurred by it in consequence of a breach of any by-law or in the execution of any



*uitvoering van enige werk wat ingevolge enige verordening uitgevoer moet word deur enige persoon wat nie deur hom uitgevoer is nie, en sodanige koste moet, op aanvraag, betaal word deur die persoon wat sodanige oortreding begaan of wat in gebreke bly om sodanige werk uit te voer.*

#### *Belemmering*

10. *Iedereen wat in gebreke bly of weier om toegang te verleen aan enige beampte van die Raad wat kragtens hierdie verordeninge of deur die Raad behoorlik gemagtig is om enige grond, woonhuis of perseel te betree en te inspekteer indien hy toegang tot enige grond of perseel verlang, of enigeen wat sodanige beampte belemmer of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge, of wat in gebreke bly of weier om inligting te verstrek, wat hy wettiglik aan sodanige beampte moet gee, of wat aan sodanige beampte verkeerde of misleidende inligting gee wetende dat dit verkeerd of misleidend is, of wat verhinder dat die eienaar of enigeen van sy bediendes of werksmense of enige ander persoon enige grond, woonhuis of eiendom betree met die doel om te voldoen aan enige kennisgewing kragtens hierdie verordeninge afgelewer, of wat so iemand verhinder om te voldoen aan enige kennisgewing kragtens hierdie verordeninge afgelewer, is skuldig aan 'n misdryf kragtens hierdie verordeninge.*

#### *DEEL IV*

#### *VOLKSGESONDHEID*

#### *HOOFSTUK 1*

#### *ALGEMENE SANITASIE*

#### *Oorlas en Aanverwante sake*

#### *Omskrywing van oorlas*

1. *Vir die toepassing van hierdie*

work directed by any by-law to be executed by any person and not executed by him, and such expense shall, on demand, be paid by the person committing such breach or failing to execute such work.

#### Obstruction

10. Any person who fails to give or refuses access to any official of the Council duly authorised by these by-laws or the council to enter upon and inspect any land, dwelling or premises, if he requests entrance to any land or premises, or obstructs or hinders such official in the execution of his duties under these by-laws, or who fails or refuses to give information that he may lawfully be required to give to such official, or who gives to such official false or misleading information knowing it to be false or misleading, or who prevents the owner or any of his servants or workmen or any other person from entering upon any land, dwelling or premises for the purpose of complying with any notice served under these by-laws or from complying with any notice served under these by-laws, shall be guilty of an offence under these by-laws.

#### PART IV

#### PUBLIC HEALTH

#### CHAPTER 1

#### GENERAL SANITATION

#### Nuisance and Kindred Matters

#### Definition of Nuisance

1. For the purpose of this chapter of

hoofstuk van hierdie verordeninge, omvat die uitdrukking "oorlas" die volgende, tensy die sinsverband anders aandui:-

- |   |  |
|---|--|
| <p>(a) 'n Perseel of gedeelte daarvan wat op so 'n wyse gebou is of in so 'n toestand verkeer dat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>  | <p>(a) Any premises or part thereof of such a construction or in such a state as to be offensive, injurious, or dangerous to health;</p>   |
| <p>(b) 'n straat, stroom, poel, lagune, sloot, geut, waterloop, wasbak, waterbak, waterkloset, putgemak, privaat, urinoir, sinkput, riool, straatriool, afvalwaterbak, vuil-watertenk, misput, asbak, asput of mishoop, wat so stinkend of in so 'n toestand of sodanig geleë of gemaak is dat dit oorlas veroorsaak of aanstootlik of nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>            | <p>(b) any street, stream, pool, lagoon, ditch, gutter, water-curse, sink, cistern, water-closet, earth-closet, privy, urinal, cesspool, drain, sewer, waste-water receptacle, slop-tank, dungput, ash-bin, ashpit or manure heap so foul or in such a state or so situated or constructed as to be a nuisance, offensive or to be injurious or dangerous to health;</p>                                     |
| <p>(c) 'n put of watervoorraad wat nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>  | <p>(c) any well or water supply injurious or dangerous to health;</p>  |
| <p>(d) 'n tenk of waterbak wat gebruik word vir die lewering van water vir huishoudelike doeleindes so geplaas, vervaardig of gehou dat die water daarin blootstaan van verontreiniging, waardeur dit 'n gevaar vir die gesondheid veroorsaak of kan veroorsaak of die uitbroei van muskiete bevorder;</p>  | <p>(d) any tank or cistern used for the supply of water for domestic purposes so placed, constructed or kept as to render the water therein liable to contamination, causing or likely to cause risk to health or facilitate the breeding of mosquitoes;</p>   |
| <p>(e) 'n stal, koeistal, veekraal, hoenderhok of perseel waarin 'n dier of diere of pluimvee gehou word op so 'n wyse of in sodanige aantalle dat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>   | <p>(e) any stable, cowshed, animal kraal, fowl-house or premises in which any animal or animals or bird or birds are kept in such a manner or in such numbers as to be offensive, injurious or dangerous to health;</p>  |
| <p>(f) 'n versameling of ophoping van vullis, afval, mis of ander stof wat aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is, of aanstootlike stof, vullis, afval of mis wat binne 50 m van 'n straat af lê, of is, of wat in oop trokke of waens op of by 'n stasie of halte, of elders op 'n spoorweg staan of is, sodat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p> | <p>(f) any accumulation or deposit of refuse, offal, manure or other matter which is offensive, injurious or dangerous to health, or any offensive matter, refuse, offal or manure lying or being within 50 m of any street, or contained in uncovered trucks or wagons standing at or being at any station or siding or elsewhere on a railway so as to be offensive, injurious or dangerous to health;</p> |
| <p>(g) enige werke, fabriek, bedryf of besigheid wat stank of uitvloeisels veroorsaak of kan veroorsaak of</p>  | <p>(g) any work, manufacture, trade or business causing or giving rise to smells or effluvia which are</p>   |

these by-laws, unless the context indicates otherwise, the term "nuisance" shall include -

*dampe wat aanstootlik is of nadelig of gevaarlik vir die omgewing of wat op so 'n wyse bestuur word dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;*

(h)(i) *'n huis of gedeelte van 'n huis wat so oorvol is, dat dit nadelig of gevaarlik vir die gesondheid van die inwonendes is, of waarin, hetsy bedags of snags, elkeen van die persone wat dit gelyktydig bewoon, nie minstens 12 m<sup>2</sup> ruimte en 4m<sup>2</sup> vloerruimte is nie; met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is op die huisvesting van naturelle in mynkampongs nie;*

(ii) *'n bewoonde huis waarvoor geen behoorlike, voldoende en gesonde watervoorraad bestaan binne 'n redelike afstand soos onder die omstandighede moontlik is om te verkry nie;*

(i) *'n skoolgebou of 'n fabriek, werkwinkel of werkplek of gedeelte daarvan -*

(i) *wat nie in 'n sindelike toestand gehou word nie en vry van of uitvloeiings uit enige riool, privaat, waterkloset, putgemak, urinior of ander bron van oorlas; of*

(ii) *wat nie op so 'n wyse geventileer is nie dat daardeur sover moontlik alle gasse, dampe, stof of ander onsuiverhede wat ontstaan gedurende die werk daarin verrig en wat aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is, onskadelik gemaak word of;*

(iii) *waarin die gemiddelde verhouding van koolsuur in die lug ongeveer ten hoogte van asemhaling meer as 10 volumes op 10 000 bedra, of wat gas of olie vir die verligting gebruik word, dit meer as 18 volumes op 10 000 bedra, terwyl sodanige gas of olie werklik gebruik word; of*

(iv) *wat so oorvol is terwyl die werk verrig word dat dit nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid van die werksmense daarin;*

offensive or which are injurious to the health of the neighbourhood or so conducted as to be offensive, injurious or dangerous to health;

(h)(i) any house or part of a house so over-crowded as to be injurious or dangerous to the health of the inmates, or in which there is not for each person simultaneously occupying the same, whether by night or day, at least 12 m<sup>2</sup> that this sub-section shall not apply to the 4 m<sup>2</sup> of floor space; provided that this sub-section shall not apply to the housing of natives in mine compounds;

(ii) any occupied dwelling for which a proper, sufficient and wholesome water-supply is not available within a reasonable distance as under the circumstances it is possible to obtain;

(i) any school house or any factory, workshop or work-place or portion thereof -

(i) which is not kept in a cleanly state and free from effluvia arising from any drain, privy, water-closet, earth-closet, urinal or other source of nuisance; or

(ii) which is not ventilated in such a manner as to render harmless, as far as practicable, any gases, vapours, dust or other impurities generated in the course of the work carried on therein that are offensive, injurious or dangerous to health; or

(iii) in which the average proportion of carbonic acid in the air at about breathing level exceeds 10 volumes in 10 000 or, where gas or oil is used for lighting purposes, exceeds 18 volumes in 10 000, while such gas or oil is in actual use; or

(iv) which is so overcrowded while work is carried on as to be injurious or dangerous to the health of those therein employed;

- |  |   |
|--|---|
| <p>(f) 'n skoorsteen wat so erf rook, of op so 'n wyse dat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>  | <p>(f) any chimney sending forth smoke in such quantity or in such a manner as to be offensive, injurious or dangerous to health;</p>   |
| <p>(j) 'n skoorsteen wat so erg rook, of op so 'n wyse dat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>  | <p>(j) any chimney sending forth smoke in such quantity or in such a manner as to be offensive, injurious or dangerous to health;</p>   |
| <p>(k) 'n kerkhof, begraafplaas of ander begraafplek, sodanig geleë of so oorvol of op 'n ander wyse so gehou, dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is;</p>  | <p>(k) any churchyard, cemetery or other place of burial so situated or so crowded or otherwise so conducted as to be offensive, injurious, or dangerous to health;</p>   |
| <p>(l) enige ander toestand wat aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is; die algemeenheid van hierdie bepaling word nie beperk deur die bepaalde aangeleenthede waarvoor in die voorafgaande subartikels voorsiening gemaak is nie; Met dien verstande dat -</p>   | <p>(l) any other condition whatever which is offensive, injurious or dangerous to health; the generality of this provision not being limited by the particular matters provided in the preceding sub-sections;</p>  |
| <p>(i) aan niemand 'n straf opgelê word nie ten opsigte van 'n versameling of storting nodig vir of in verband met die bestuur van 'n besigheid bedryf of fabriek, as die versameling of storting nie langer gehou word nie as wat noodsaaklik is vir die doeleindes van die besigheid, bedryf of fabriek en die besmoontlike middels aangewend is om nadeel of gevaar vir die openbaar gesondheid te voorkom, mits voornoemde besigheid wettiglik uitgevoer word en wettiglik gedryf word op die perseel op enige terrein; en</p> | <p>(i) a penalty shall not be imposed on any person in respect of any accumulation or deposit necessary for or arising out of the carrying on of any business, trade or manufacture if the accumulation or deposit has not been kept longer than is necessary for the purposes of business, trade or manufacture, and the best available means have been taken for preventing injury or danger thereby to the public health, provided that the said business is being lawfully carried out and is lawfully conducted at the premises in any locality; and</p> |
| <p>(ii) by oorweging van die vraag of enige woonhuis of gedeelte daarvan, wat ook gebruik word as 'n fabriek of werkwinkel en, of 'n fabriek of werkwinkel wat ook as 'n woonhuis gebruik word, 'n oorlas is omdat dit te vol is, die omstandighede van sodanige ander gebruik in ag geneem moet word.</p>   | <p>(ii) in considering whether any dwelling-house or part thereof which is also used as a factory or workshop, or whether any factory or workshop used also as a dwelling-house is a nuisance by reason of overcrowding, regard shall be had to the circumstances of such other use.</p>  |

Oorlas verbode

Nuisance Prohibited

- |  |  |
|--|--|
| <p>2.(a) Niemand mag deur sy handelswyse, nalatigheid of</p> | <p>2.(a) No person shall by his act, default or sufferance cause or permit a</p> |
|--|--|

*toelating veroorsaak of toelaat dat daar op enige perseel 'n oorlas bestaan nie, en iedere eienaar en iedere okkupeerder van 'n perseel moet sodanige perseel te alle tye sindelik en vry van alle oorlas onderhou.*

#### *Betreding en inspeksie vir oorlas*

- 3.(a) *Die geneeskundige gesondheids-beampte of 'n gesondheidsinspekteur of ander beampte van die Raad wat behoorlik daartoe gemagtig is, kan enige perseel betree en inspekteer, of navraag daarop doen, ten einde die bestaan of oorsaak vas te stel van enige oorlas daarop of in verband daarmee.*
- (b) *Die Raad kan die werk verrig wat nodig is om die bestaan of oorsaak van so 'n oorlas vas te stel en om dit te verhelp, en kan op die eienaar of okkupeerder van die perseel of op die bewerker van die oorlas die bedrag verhaal van die koste wat die Raad ten opsigte daarvan aangegaan het, en sodanige eienaar of okkupeerder of bewerker moet, op aanvraag, sodanige bedrag aan die Raad terugbetaal.*

#### *Prosedure vir verwydering van oorlas*

- 4.(a) *Wanneer daar ook al op 'n perseel 'n oorlas bestaan, of bestaan het en waarskynlik weer kan voorkom, kan die raad 'n kennisgewing dien òf op die bewerker van die oorlas òf op die eienaar of okkupeerder van die perseel waarop die oorlas bestaan of bestaan het en waarskynlik weer kan voorkom, waarby hy aangesê word om die oorlas te verwyder of uit die weg te ruim en om werk te verrig (met of sonder vermelding van die aard daarvan) binne 'n redelike tyd wat in die kennisgewing vermeld moet word, wat nodig is om die oorlas te verwyder of uit die weg te ruim of om 'n herhaling daarvan te voorkom, na gelang van die geval; met dien verstande dat -*
- (i) *as die oorlas veroorsaak word deur*

nuisance to exist on any premises, and every owner and every occupier of any premises shall at all times maintain such premises clean and free from any nuisance.

#### Entry and Inspection for Nuisance

- 3.(a) The medical officer of health or any health inspector or other official of the Council duly authorised thereto may enter and inspect, or make enquiries on, any premises with a view to ascertaining the existence or cause of any nuisance thereon or in connection therewith.
- (b) The Council may do such work as may be necessary for ascertaining the existence or cause of such nuisance and for remedying he same, and may recover from the owner or occupier of the premises or from the author of the nuisance the amount of such expenses incurred by it in respect thereof, and such owner or occupier or author shall, on demand, refund such amount to the Council.

#### Procedure for Abatement of Nuisance

- 4.(a) Whenever a nuisance exists, or has existed and is liable to recur, on any premises, the Council may serve a notice either upon the author of the nuisance, or upon the owner or occupier of the premises on which the nuisance exists, or has existed and is liable to recur, requiring him to remove or abate the nuisance and to such work (with or without specifying the nature thereof) within a reasonable time to be specified in the notice, as is necessary for the removal or abatement and the prevention of recurrence of the nuisance, as the case may be, provided that -
- (i) where the nuisance arises from

*'n tekort of gebrek van 'n boukundige aard of as die perseel onbewoon is, die kennisgewing op die eienaar gedien moet word;*

(ii) *as die persoon wat die oorlas veroorsaak nie opgespoor kan word nie en sodanige oorlas nie deur die handelswyse of nalatigheid of toelating van die eienaar of okkupeerder van die perseel ontstaan nie, die Raad self die stappe kan doen wat nodig is om die oorlas te verwyder of uit die weg te ruim of die herhaling daarvan te voorkom.*

(b) *Wanneer 'n persoon aan wie so 'n kennisgewing afgelewer is, in gebreke bly om aan die voorwaardes daarvan te voldoen, kan die Raad die perseel betree ten opsigte waarvan so 'n oorlas bestaan of waarskynlik weer sal voorkom en self die werk uitvoer wat nodig is om die oorlas te verwyder of uit die weg te ruim en die herhaling daarvan te voorkom, na gelang van die geval. Die Raad kan op sodanige voornoemde persoon die bedrag verhaal van enige koste deur die Raad aangegaan by die uitvoer van sodanige werk en sodanige persoon moet, op aanvraag, sodanige bedrag aan die Raad terugbetaal.*

(c) *Waar dit blyk dat 'n oorlas wat binne die munisipaliteit bestaan, of geheel of ten dele veroorsaak is deur die handelwyse of nalatigheid van iemand buite die munisipaliteit, is die bepaling van hierdie artikel mutatis mutandis van toepassing op sodanige persoon ten opsigte van sodanige handelwyse of nalatigheid.*

*Persele sindelik en vry van onooglike ophopings*

5. *Niemand mag in gebreke bly nie om enige perseel wat aan hom behoort of wat hy okkupeer, sindelik en skoon te hou van vullis, puin, afval, glas, papier, vodde, blikke, rommel, onkruid of struikgewas wat, na die mening*

want or defect of a structural character or where the premises are unoccupied, the notice shall be served on the owner;

(ii) where the person causing the nuisance cannot be found, and such nuisance does not exist by the act or default or sufferance of the occupier or owner of the premises, the Council may itself take such steps as may be necessary to abate or remove the nuisance or prevent the recurrence thereof.

(b) Where any person upon whom such notice has been served fails to comply with the terms thereof, the Council may enter upon the premises in respect of which such nuisance exists or is liable to recur, and may itself carry out such work as may be necessary for the removal or abatement and the prevention of recurrence of the nuisance, as the case may be. The Council may recover from such aforementioned person the amount of any expense incurred by it in carrying out such work and such person shall, on demand, refund such amount to the Council.

(c) Where it appears that a nuisance existing within the municipality has been caused either wholly or in part by the act or default of some person outside the municipality, the provisions of this section shall mutatis mutandis apply to such person in respect of such act or default.

Keeping of Premises Clean and Free from Unsightly Accumulations

5. No person shall fail to keep any premises owned or occupied by him clean and free from filth, debris, rubbish, glass, paper, rags, tins, lumber, weeds or undergrowth which in the opinion of the medical officer of health is unsightly or is

van die geneeskundige gesondheidsbe-ampte onooglik is of tot 'n oorlas of skadelik vir die gesondheid kan wees of wat moontlik aanstoot aan die inwoners van die omgewing kan gee.

likely to become a nuisance or injurious to health or to cause an annoyance to the inhabitants of the neighbourhood.

*Voorkoming van die uitbroei van vlieë en die skuiling van rotte op mis of afval*

Prevention of Fly-breeding and Rat habourage on Manure or Refuse

6. Niemand mag -

6. No person shall -

(a) enige afval of ander stof wat ook al, op 'n perseel plaas, uitgooi of laat uitgooi of toelaat dat dit daar bly op so 'n wyse en vir so 'n tydperk dat dit die uitbroei van vlieë bevorder nie of dat dit rotte of ander ongedierte na so 'n perseel aanlok nie;

(a) place, throw or leave or permit to remain on any premises any refuse or other matter whatsoever in such a manner or for such a time as to favour the breeding of flies or to encourage rats or other vermin to frequent such premises;

(b) mis vir tuinmaakdoeleindes gebruik nie tensy dit op so 'n wyse ontwikkel of goed verrot is dat daar geen vlieë in kan uitbroei nie;

(b) use manure for gardening purposes that is not so matured or well rotted as to be incapable of breeding flies;

(c) mis opberg of aanhou nie, behalwe op so 'n manier dat die openlike aanlokking en uitbroei van vlieë verhoed word.

(c) store or keep manure except in such a manner as to preclude the open attraction and breeding of flies.

*Bevuiling en bestrooiing van publieke plekke en oop ruimtes*

Fouling and Littering Public Places and Open Spaces

7. Niemand mag -

7. No person shall throw, deposit or drop or cause or permit to be thrown, deposited or dropped -

(a) vullis, vuilgoed, of afval in of op 'n publieke plek gooi, stort of laat val, of veroorsaak of toelaat dat dit daar gegooi of gestort word of val nie;

(a) any filth, rubbish or refuse in or on any public place;

(b) vullis, vuilgoed, glas, blikke, papier, dooie diere, afval- of spoelwater of ander afval, hetsy vloeibaar of vaste, op of in 'n straat, pad, brug, verkeersweg, oop ruimte, oop bouverseel of erf, spruit of waterloop gooi, stort of laat val of veroorsaak of toelaat dat dit daar gegooi of gestort word of val nie, of veroorsaak of toelaat dat enige sodanige vloeistof in so 'n plek uitloop nie.

(b) any filth, rubbish, glass, tins, paper, dead animals, waste or flushing water or other refuse, whether liquid or solid, on or in any street, road, bridge, thoroughfare, open space, vacant stand or erf, spruit or watercourse, or cause or permit any such liquid to flow into any such place.

*Bad en was in publieke plekke en oop ruimtes*

Bathing and Washing in Public Places and Open Spaces

<p>8.(a) <i>Niemand mag homself of iemand anders op 'n straat, pad, brug, verkeersweg, oop ruimte, oop bouperseel of erf of in 'n spruit of waterloop bad of was nie.</i></p> <p>(b) <i>Niemand mag klere, 'n voertuig, diere of 'n artikel of werktuig op 'n straat, pad, brug, verkeersweg, publieke plek of in 'n spruit of waterloop was nie.</i></p>	<p>8.(a) No person shall bath or wash himself or any other person in any street, road, bridge, throughfare, open space, vacant stand or erf, spruit or watercourse.</p> <p>(b) No person shall wash any cloting, vehicle, animals or any article or utensil in any street, road, bridge, throughfare, public place, spruit or water course.</p>
<p><i>Uitwerping van as, grint en roet uit skoorstene</i></p>	<p>Emission of Ash, Grit, and Soot from Chimneys</p>
<p>9. <i>Niemand mag veroorsaak of toelaat dat as, grint of roet uit enige skoorsteen opstyg sodat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is nie.</i></p>	<p>9. No person shall cause or permit ash, grit or soot to escape from any chimney so as to be offensive, injurious or dangerous to health.</p>
<p><i>Voorkoming van oorlas van stof</i></p>	<p>Prevention of dust Nuisance</p>
<p>10. <i>Niemand mag veroorsaak of toelaat dat stof uit 'n gebou of bouwerk wat opgerig of gesloop word, of uit enige perseel, te eniger tyd in die buitelig in so 'n hoeveelheid of op so 'n wyse ontas word dat dit aanstootlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is nie.</i></p>	<p>10. No person shall cause or permit to be discharged into the surrounding atmosphere from any building or structure in the course of erection or demolition or from any premises at any time any dust in such quantities or in such a manner as to be offensive, injurious or dangerous to health.</p>
<p><i>Verbranding van afval</i></p>	<p>Burning of Refuse</p>
